MAXIMUS GEDAGTE VAN DIE WEEK

God sal vir jou 'n reënboog gee vir elke storm.

E-posadresse - Beheerliggaam: beheerliggaam@hscenturion.co.za / Skool: info@hscenturion.co.za

Belangrike datums	
11 Oktober	Sagtebal Semi-finaal
13 Oktober	Atletiek (Tuis)
14 Oktober	Sagtebal Finaal
17 Oktober	Gr.12-prysuitdeling
18 Oktober	Kaskardag, Bloedskenk, Gr.12 Kerkdiens
20 Oktober	Gr.12 Alpha Wiskunde (Eindeksamen)
23 Oktober	Gr.8- en gr.9 prysuitdeling
24 Oktober	Gr.10-en gr.11-prysuitdeling
25 Oktober	Gr.8-11 Kerkdiens
26 Oktober	Gr.10 en gr.11 eksamen begin (Gr.8 en gr.9 het formeel skool)
2 November	Gr.8 en gr.9 eksamen begin.

Uitslae en prestasies van leerders

Atletiek

Baie geluk aan ons atlete wat Vrydag, 22 September, tydens die TUT Top Atletiekbyeenkoms puik presteer het. Daar het 51 spanne deelgeneem. Gestelle Snyman wen goud in die Dogters O/17 spiesgooi, Savannah Combrink goud in die Dogters O/16 spiesgooi, Jana van der Merwe silwer in die Dogters O/16 800m, Zander Louw silwer in die Seuns O/17 verspring en Elri Herman silwer in die Dogters O/17 diskus. Trots op hierdie Woeries.

Krieket

Die Woeries het hierdie kwartaal vier spanne in die eerste liga op Saterdae ingeskryf en een span in die tweede liga op Maandae ingeskryf. Die eerste liga het verander en is verdeel tussen die Platinumliga (slegs eerste spanne van skole) en die Goue liga (ander spanne in die eerste liga). Ons het dus twee spanne in die 0/15 en 0/14 ligas. Die eerste span het die liga afgeskop met ‘n goeie wen teen Hoërskool Menlopark, maar daarna nederlae gely teen Cornwall Hill, Hoërskool Garsfontein en PBHS. In ‘n allerbelangrike wedstryd Saterdag, 23 September, teen Hoërskool Waterkloof, het die span weer op die wenpad gekom deur Waterkloof met ‘n bonuspunt te wen. AHS en Prestige College lê nog voor en die liga is oop vir enigeen van die top ses spanne om steeds vir die Noordvaal uitspele te kwalifiseer.

Die Ibbies het ‘n besonderse seisoen beleef en slegs twee wedstryde verloor. Alhoewel hul ligabepalings afgehandel is, sal hul moet wag tot na die vakansie om te weet waar hulle in die top vier in die Goue A-liga geëindig het. Goeie oorwinnings oor AHS, PBHS en Hoërskool Garsfontein is behaal. Die 1C’s het weliswaar drie wedstryde oor, maar vaar ook voortreflik tot dusver. Ook hulle sal in die boonste helfte van die Goue B-liga eindig. Dieselfde geld vir die 1D’s in die Goue C-liga. Die tweede span se liga is reeds afgehandel, maar al die uitslae is nog nie ontvang nie. Ons het egter ook in hierdie liga slegs ‘n enkele verloor gehad! Die junior A-spanne behaal albei gemengde sukses in die Platinum A-ligas, met meer wenne agter die blad as verlore. Die 0/14’s het verlede week Hoërkool Waterkloof met ‘n bonuspunt getroef. Die 0/14B’s se seisoen is reeds afgehandel en het derde in hul liga geëindig, terwyl die 0/15B’s onoorwonne is met slegs een wedstryd oor.
Die 0/14A’s vertrek Vrydagoggend 29 September om 5h00 na Durban om aan die Shaun Pollock-week deel te neem. Hulle speel 5 wedstryde in vier dae, met twee T20’s wat Sondag, 1 Oktober, plaasvind.

Toneel

Baie geluk aan ons toneelgroep wat as algehele wenners by die Centurion Kunstefees bekroon is.

Sagtebal	
B-spanne teen Affies: O/14B verloor 11-17 O/15B gelykop 11-11	**A-spanne by Sonitus:** O/14A gelykop teen Overkruin 14 elk O/15A wen Homespun 12-2 O/16A wen Overkruin 2-1 O/19A wen Montana 16-0
Foto's deur GB Jordaan	

Griekeland

Opvoedkundige toer na Griekeland vertrek 30 September tot 11 Oktober. Daar is 49 lede in die groep. Athene, Santorini, Crete en Delphi gaan besoek word.

Gholfdag

Ouers word vriendelik uitgenooi om deel te neem aan ons skool se jaarlikse gholfdag wat op Donderdag, 23 November 2017 by die Irene Gholfklub plaasvind.
Die kostes per vierbal sal R2500.00 wees (gholfkarretjie is nie ingesluit nie – die karretjie moet deur die klub bespreek word – 012 6671829). Ingesluit by die prys is u toernooifooie, middagete en aandete by die prysuitdeling. Enige skenkings in die vorm van pryse is ook welkom. RSVP op die laatste teen 31 Oktober 2017 by me. N. Esterhuysen bemarking@hscenturion.co.za of 0126645803.

Briewe met volledige inligting is aan die leerders uitgedeel.

W. J. C Burger
Skoolhoof

www.hscenturion.co.za